(1) is an employee of a disestablished municipality or the District Municipality shall, subject to the provisions of section 12 of this schedule, remain in the employment of the disestablished municipality or the District Municipality, as the case may be, and shall fulfil his or her duties on a seconded basis;

(2) is not an employee of a disestablished municipality or the District Municipality shall—

(a) if appointed prior to the effective date, be contracted by **NAME OF DISESTABLISHED MUNICIPALITY** from the date of appointment up to the effective date, after which the District Municipality shall assume all the rights and obligations of the **NAME OF DISESTABLISHED MUNICIPALITY** under the said contract;

(b) if appointed after the effective date, be contracted by the District Municipality.

**First meeting of the Council of the District Municipality**

25. (1) The interim municipal manager shall, at least three days before the first meeting of the Council of the District Municipality, send to each councillor at his or her place of residence or other place nominated by the councillor concerned, a notice specifying the place, date and time of the first meeting and an agenda.

(2) Notwithstanding any by-law in force, the rules of order for the first meeting of the Council of the District Municipality is the rules of order as set out in Provincial Notice No 411/1988 as promulgated in Provincial Gazette No 4532 of 20 May 1988, which rules shall remain in force until the adoption of rules of order by the Council of the District Municipality.

(3) Die vergaderplek vir die eerste vergadering van die Raad van die Distriksmunisipaliteit sal die Raadsal van die afgeskafte Sentrale Karoo Distrikraad, in Beaufort-Wes wees.

(4) Die agenda van die eerste vergadering en die volgorde van werksaamhede, sal soos volg wees:—

(a) die verkiesing van die Speaker;

(b) of die Distriksmunisipaliteit die instelling van 'n uitvoerende komitee verlang, en indien wel, die bepaling van 'n stelsel van verteenwoordiging vir die verkiesing van die uitvoerende komitee;

(c) die verkiesing van raadslede om in die uitvoerende komitee te dien;

(d) die verkiesing van die Burgemeester vanuit die geledere van die uitvoerende komitee;

(e) die verkiesing van die Onderburgemeester, waarvoor goedkeuring deur die Provinsiale Minister verleen word, vanuit die geledere van die uitvoerende komitee;

(f) enige ander sake deur die tussentydse munisipale bestuurder bepaal en in die agenda uiteengesit.

**Kort titel en inwerkingtreding**

23. Hierdie Kennisgewing heet die Sentraal Karoo Distrikmunisipaliteit (DC5) Distriksmunisipaliteit Instellingskennisgewing en tree in werking op die datum van publikasie.

**AANHANGSEL 1**

**Kaart van Distriksmunisipaliteit** (Kaart nommer 6 in Provinsiale Kennisgewing 69/2000 gedateer 3 Maart 2000)

**AANHANGSEL 2**

**Kaart van Distriksbestuursgebied** (Kaart nommer 6 in Algemene Kennisgewing 1139/2000 gedateer 10 Maart 2000)

(3) The venue for the first meeting of the Council of the District Municipality shall be the Council Chamber of the disestablished Sentrale Karoo District Council in Beaufort West.

(4) The agenda of the first meeting and the order of business shall be as follows:

(a) the election of the speaker;

(b) whether the District Municipality wishes to establish an executive committee, and if so, the determination of a system of representation for the election of the executive committee;

(c) the election of councillors to serve on the executive committee;

(d) the election of the mayor from the members of the executive committee;

(e) the election of the deputy mayor, for which approval is granted by the Provincial Minister, from the members of the executive committee;

(f) any other business as determined by the interim municipal manager and set out in the agenda.

**Short title and commencement**

26. This Notice is called the Central Karoo District Municipality (DC5) Establishment Notice and comes into operation on the date of publication.

**ANNEXURE 1**

**Map of District Municipality** (Map number 6 in Provincial Notice 69/2000 dated 3 March 2000)

**ANNEXURE 2**

**Map of District Management Area** (Map number 6 in Provincial Notice 1139/2000 dated 10 March 2000)

P.K. 411/2000 28 Augustus 2000

WET OP PLAASLIKE REGERING:
MUNISIPALE STRUKTURE, 1998 (WET 117 VAN 1998)

INSTELLING VAN DIE
LAINGSBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT (WC051)

Uit hoofde van die gesag aan my verleen by artikels 12 en 14 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), gee ek hiermee kennis van die instelling van die Laingsburg Plaaslike Munisipaliteit op die voorwaardes wat in die Bylaag hiervan uiteengesit is.

Gedateer op hierdie ___. dag van Augustus 2000.

P UYS, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING

**BYLAAG**

**Woordomskrywings en Uitleg**

1. In hierdie Kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, omvat die enkelvoud die meervoud en omgekeerd, word voorkeur verleen aan die Engelse teks ingeval die verskillende tekste teenstrydig is, en het 'n woord of uitdrukking waaraan die Munisipale Strukturewet 'n betekenis geheg het, dieselfde betekenis, en beteken—

(1) **"afgeskafte munisipaliteite"** die munisipaliteite wat ingevolge artikel 3 van hierdie Kennisgewing afgeskaf moet word;

(2) **"Bedingingsraad"** die Suid-Afrikaanse Bedingingsraad vir Plaaslike Bestuur wat aansoek gedoen het om registrasie as 'n bedingingsraad ingevolge Algemene Kennisgewing 1513/1999, soos gepubliseer in Staatskoerant No. 20282 van 16 Julie 1999;

(3) **"Distriksmunisipaliteit"** die Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit wat met ingang van die effektiewe datum ingestel moet word;

(4) **"Distrikstransformasieforum"** die Sentrale Karoo Distrikstransformasieforum wat ingevolge die DTF- kennisgewing ingestel is;

(5) **"DTF-kennisgewing"** Provinsiale Kennisgewing 78/2000 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant No. 5435 van 10 Maart 2000;

(6) **"effektiewe datum"** die datum waarop die verkiesing 'n aanvang neem;

(7) **"Grondwet"** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);

(8) **"HUB"** die hoof uitvoerende beampte van 'n afgeskafte munisipaliteit;

(9) **"intermunisipale begrotingsoorplasings"** die oordrag van fondse tussen munisipaliteite om inkomste stabiliteit te verkry tydens die periode van transformasie;

(10) **"intermunisipale hulpbron-delingsraamwerk"** 'n ooreenkoms tussen munisipaliteite vir die deel van hulpbronne om die voortgesette voorsiening van fondse vir die verkryging van gelykheid en herverdeling tydens 'n periode van meer as een finansiële jaar te verwesenlik;

(11) **"Munisipale Afbakeningsraad"** die Munisipale Afbakeningsraad wat by artikel 2 van die Munisipale Afbakeningswet ingestel is;

(12) **"Munisipale Afbakeningswet"** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet 27 van 1998);

(13) **"Munisipale Strukturewet"** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998);

(14) **"Plaaslike Munisipaliteit"** die Laingsburg Plaaslike Munisipaliteit wat ingevolge artikel 5 van hierdie Kennisgewing ingestel word;

P.N. 411/2000 28 August 2000

LOCAL GOVERNMENT:
MUNICIPAL STRUCTURES ACT, 1998 (ACT 117 OF 1998):

ESTABLISHMENT OF THE
LAINGSBURG LOCAL MUNICIPALITY (WCO51)

By virtue of the powers vested in me by sections 12 and 14 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998), I hereby give notice of the establishment of the Laingsburg Local Municipality on the terms set out in the Schedule hereto.

Dated this ____. day of August 2000.

P UYS, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT

**SCHEDULE**

**Definitions and Interpretation**

1. In this Notice, unless the context otherwise indicates, the singular includes the plural and vice versa, the English text prevails in the event of an inconsistency between the different texts and a word or expression to which a meaning has been assigned in the Municipal Structures Act has the same meaning, and—

(1) **"Bargaining Council"** means the South African Local Government Bargaining Council which has applied for registration as a bargaining council in terms of General Notice 1513/1999 as published in Government Gazette No. 20282 of 16 July 1999;

(2) **"CEO"** means the chief executive officer of a disestablished municipality;

(3) **"Constitution"** means the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act 108 of 1996);

(4) **"disestablished municipalities"** means the municipalities to be disestablished in terms of section 3 of this Notice;

(5) **"District Municipality"** means the Central Karoo District Municipality to be established with effect from the effective date;

(6) **"District Transformation Forum"** means the Central Karoo District Transformation Forum established in terms of the DTF Notice;

(7) **"DTF Notice"** means Provincial Notice 78/2000 published in Provincial Gazette Extraordinary No. 5435 dated 10 March 2000;

(8) **"effective date"** means the commencement date of the election;

(9) **"election"** means the first general election of Municipal Councils after the commencement of the Constitution;

(10) **"inter-municipal budgetary transfers"** means the transfer of funds between municipalities for the purpose to achieve revenue stability during the period of transition;

(11) **"inter-municipal resource sharing framework"** means an agreement between municipalities for the sharing of resources to achieve the consistent provision of funding for the achievement of equity and redistribution over a period of more than one financial year;

(12) **"Local Municipality"** means the Laingsburg Local Municipality, established in terms of section 5 of this Notice;

(13) **"Municipal Demarcation Act"** means the Local Government: Municipal Demarcation Act, 1998 (Act 27 of 1998);

(14) **"Municipal Demarcation Board"** means the Municipal Demarcation Board established by section 2 of the Municipal Demarcation Act;

(15) **"Provinsiale Minister"** die lid van die Kabinet van die Provinsie Wes-Kaap verantwoordelik vir plaaslike regering;

(16) **"Provinsie"** die Provinsie Wes-Kaap;

(17) **"statutêre plan"** 'n plan wat ingevolge enige wetgewing vereis word, insluitende, sonder om beperk te wees tot, enige struktuurplan, grondgebruikplan, soneringskema, geïntegreerde ontwikkelingsplan, waterdiensteplan, vaardigheidsontwikkelingsplan en diensbillikheidsplan;

(18) **"tussentydse munisipale bestuurder"** die tussentydse munisipale bestuurder van die Plaaslike Munisipaliteit wat ingevolge artikel 21(1) aangestel is;

(19) **"verkiesing"** die eerste algemene verkiesing van Munisipale Rade na die inwerkingtreding van die Grondwet;

(20) **"volle raad uitvoerende stelsel"** 'n stelsel wat die uitoefening van uitvoerende gesag tot die Raad van die Plaaslike Munisipaliteit self beperk;

(21) **"WEKPRO"** die Wes-Kaapse Plaaslike Regeringsorganisasie, wat die provinsiale organisasie vir die Wes-Kaap waaraan erkenning verleen word ingevolge artikel 2(1)(b) van die Wet op Georganiseerde Plaaslike Regering, 1997 (Wet 52 van 1997) is;

(22) **"Wet op Landelike Gebiede"** die Wet op Landelike Gebiede (Huis van Verteenwoordigers), 1987 (Wet 9 van 1987);

(23) **"Wet op Transformasie van Sekere Landelike Gebiede"** die Wet op Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, 1998 (Wet 94 van 1998).

**Aanhef**

2. (1) Op 3 Maart 2000 het die Munisipale Afbakeningsraad, wat ingevolge artikel 21 van die Munisipale Afbakeningswet handel, die grense van die Plaaslike Munisipaliteit bepaal, soos aangetoon op die kaart wat voorkom in die Eerste Bylaag van Provinsiale Kennisgewing 69/2000, gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant No. 5431 van 3 Maart 2000 'n Kopie van die kaart word in Aanhangsel ''1'' by hierdie Bylaag herpubliseer.

(2) Die Provinsiale Minister, wat ingevolge artikel 12(4) van die Munisipale Strukturewet handel, het—

(a) skriftelike kennis van die voorgenome instelling van die Plaaslike Munisipaliteit aan WEKPRO en aan die afgeskafte munisipaliteite gegee by wyse van 'n omsendbrief gedateer 12 Julie 2000 en met verwysing AAO 509/1/4;

(b) oorleg gepleeg met WEKPRO en die afgeskafte munisipaliteite;

(c) besonderhede van hierdie Kennisgewing gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing ___../2000, wat in Buitengewone Provinsiale Koerant No. __. van ___.. 2000 gepubliseer is;

(d) die kommentaar wat na die publikasie van die voorgestelde Kennisgewing ontvang is, oorweeg.

(3) Die Provinsiale Minister het ook die advies van die Distrikstransformasieforum oorweeg wat ingevolge artikel 11(2) van die DTF-Kennisgewing aan hom gegee is.

(4) Die Provinsiale Minister, wat handel ingevolge artikels 12 en 14 van die Munisipale Strukturewet, gelees saam met die Wes-Kaapse Wet op die Bepaling van Soorte Munisipaliteite, 2000 (Wet 9 van 2000), gee nou kennis van die instelling van die Plaaslike Munisipaliteit op die voorwaardes wat hierin uiteengesit word.

**Afskaffing van Bestaande Munisipaliteite**

3. (1) Met ingang van middernag van die dag voor die effektiewe datum, sal die volgende munisipaliteite afgeskaf word:—

(15) **"Municipal Structures Act"** means the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998);

(16) **"plenary executive system"** means a system which limits the exercise of executive authority to the Council of the Local Municipality itself;

(17) **"Province"** means the Province of Western Cape;

(18) **"Provincial Minister"** means the member of the Cabinet of the Province of Western Cape responsible for local government;

(19) **"Rural Areas Act"** means the Rural Areas Act (House of Representatives), 1987 (Act 9 of 1987);

(20) **"statutory plan"** means a plan required in terms of any legislation, including but not limited to, any structure plan, land use plan, zoning scheme, integrated development plan, water services plan, skills development plan and employment equity plan;

(21) **"Transformation of Certain Rural Areas Act"** means the Transformation of Certain Rural Areas Act, 1998 (Act 94 of 1998);

(22) **"WECLOGO"** means the Western Cape Local Government Organisation, being the provincial organisation for the Western Cape recognised in terms of section 2(1)(b) of the Organised Local Government Act, 1997 (Act 52 of 1997).

**Preamble**

2. (1) On 3 March 2000 the Municipal Demarcation Board, acting in terms of section 21 of the Municipal Demarcation Act, determined the boundaries of the Local Municipality, as reflected in the map appearing in the First Schedule to Provincial Notice 69/2000 published in Provincial Gazette Extraordinary No. 5431 of 3 March 2000. A copy of the map is republished in Annexure ''1'' to this Schedule.

(2) The Provincial Minister, acting in terms of section 12(4) of the Municipal Structures Act, has—

(a) given written notice of the proposed establishment of the Local Municipality to WECLOGO and to the disestablished municipalities by way of a circular letter dated 12 July 2000 and referenced AAO 509/1/4;

(b) consulted with WECLOGO and the disestablished municipalities;

(c) published particulars of this Notice in Provincial Notice ___./2000 published in Provincial Gazette Extraordinary No. ___... dated ________ 2000;

(d) considered the comments received following the publication of the proposed Notice.

(3) The Provincial Minister has also considered the advice of the District Transformation Forum given to him in terms of section 11(2) of the DTF Notice.

(4) The Provincial Minister, acting in terms of sections 12 and 14 of the Municipal Structures Act, as read with the Western Cape Determination of Types of Municipalities Act, 2000 (Act 9 of 2000), now gives notice of the establishment of the Local Municipality on the terms set out herein.

**Disestablishment of the Existing Municipalities**

3. (1) With effect from midnight on the day before the effective date, the following municipalities shall be disestablished:

(a) Munisipaliteit vir die Gebied van Laingsburg, ingestel ingevolge Proklamasie 74/1994 gedateer 30 November 1994;

(b) Laignsburg Verteenwoordigende Oorgangsraad, ingestel ingevolge Proklamasie 18/1996 gedateer 26 April 1996, in die mate wat die gebied daarvan ingesluit is binne die grense van die Plaaslike Munisipaliteit, soos deur die Munisipale Afbakeningsraad bepaal is en in artikel 2(1) genoem word; en

(c) Prins Albert Verteenwoordigende Oorgangsraad, ingestel ingevolge Proklamasie 18/1996 gedateer 26 April 1996, in die mate wat die gebied daarvan ingesluit is binne die grense van die Plaaslike Munisipaliteit, soos deur die Munisipale Afbakeningsraad bepaal is en in artikel 2(1) genoem word;

(2) Die raadslede van die afgeskafte munisipaliteite moet hul ampte ontruim teen middernag van die dag waarop die pas verkose Raad van die Munisipaliteit verkose verklaar is, en moet enige eiendom in hul besit wat aan 'n afgeskafte munisipaliteit behoort, aan die HUB van die betrokke afgeskafte munisipaliteit of sy benoemde terugbesorg.

**Grense**

4. Die grense van die Plaaslike Munisipaliteit sal die grense wees wat deur die Munisipale Afbakeningsraad bepaal is en in artikel 2(1) genoem word.

**Instelling en Naam**

5. Met ingang van die effektiewe datum sal 'n munisipaliteit gestig word wat in Afrikaans as ''Laingsburg Plaaslike Munisipaliteit'', in Engels as ''Laingsburg Local Municipality'', en in isiXhosa as ''(sal volg)'' bekend sal staan.

**Kategorie**

6. Die Plaaslike Munisipaliteit sal 'n plaaslike munisipaliteit wees soos in artikel 1 van die Munisipale Strukturewet omskryf, naamlik 'n munisipaliteit wat munisipale uitvoerende en wetgewende gesag in sy gebied deel met die Distriksmunisipaliteit, en wat in artikel 155(1) van die Grondwet as 'n kategorie B-munisipaliteit beskryf word.

**Soort**

7. Die Plaaslike Munisipaliteit sal 'n munisipaliteit wees met 'n volle raad uitvoerende stelsel soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Wet op die Bepaling van Soorte Munisipaliteite, 2000 (Wet 9 van 2000).

**Getal Raadslede en Wyke**

8. (1) Die Munisipale Raad van die Plaaslike Munisipaliteit het 6 (ses) raadslede, soos deur die Provinsiale Minister bepaal in Provinsiale Kennisgewing 164/2000 wat in Buitengewone Provinsiale Koerant No. 5468 van 4 Mei 2000 gepubliseer is, waarvan 6 (ses) proporsioneel verkose raadslede is.

(2) Die Plaaslike Munisipaliteit het geen (0) wyke.

**Voltydse Raadslede**

9. Die Plaaslike Munisipaliteit mag nie enige raadslede as voltydse raadslede aanwys nie.

**Funksies en Bevoegdhede**

10. Daar sal geen aanpassing van die funksies en bevoegdhede van die Plaaslike Munisipaliteit ingevolge artikel 85 van die Munisipale Strukturewet wees nie.

**Vrystellings**

11. Die Plaaslike Munisipaliteit sal nie van enige van die bepalings van die Munisipale Strukturewet vrygestel word nie

(a) Municipality for the Area of Lainsburg, established in terms of Proclamation 74/1994 dated 30 November 1994;

(b) Laingsburg Transitional Representative Council, established in terms of Proclamation 18/1996 dated 26 April 1996, to the extent that its area is included within the boundaries of the Local Municipality as determined by the Municipal Demarcation Board and referred to in section 2(1); and

(c) Prince Albert Transitional Representative Council, established in terms of Proclamation 18/1996 dated 26 April 1996, to the extent that its area is included within the boundaries of the Local Municipality as determined by the Municipal Demarcation Board and referred to in section 2(1).

(2) The councillors of the disestablished municipalities must vacate their offices by midnight on the day that the newly elected Council of the Municipality has been declared elected and must return to the CEO of the relevant disestablished municipality or his nominee any property in their possession which belongs to a disestablished municipality.

**Boundaries**

4. The boundaries of the Local Municipality shall be the boundaries determined by the Municipal Demarcation Board and referred to in section 2(1).

**Establishment and Name**

5. With effect from the effective date, a municipality shall be established, to be known in English as ''Laingsburg Local Municipality'', in Afrikaans as ''Laingsburg Plaaslike Munisipaliteit'' and in isiXhosa as ''(to follow)''.

**Category**

6. The Local Municipality shall be a local municipality as defined in section 1 of the Municipal Structures Act, being a municipality that shares municipal executive and legislative authority in its area with the District Municipality, and which is described in section 155(1) of the Constitution as a category B municipality.

**Type**

7. The Local Municipality shall be a municipality with a plenary executive system as provided for in the Western Cape Determination of Types of Municipalities Act, 2000 (Act 9 of 2000).

**Number of Councillors and Wards**

8. (1) The Municipal Council of the Local Municipality has 6 (six) councillors, as determined by the Provincial Minister in Provincial Notice 164/2000 published in Provincial Gazette Extraordinary No. 5468 of 4 May 2000, of which all 6 (six) is proportionally elected councillors.

(2) The Local Municipality has no (0) wards.

**Full-time Councillors**

9. The Local Municipality may not designate any councillors as full-time councillors.

**Functions and Powers**

10. There will be no adjustment of the functions and powers of the Local Municipality in terms of section 85 of the Municipal Structures Act.

**Exemptions**

11. The Local Municipality shall not be exempt from any of the provisions of the Municipal Structures Act.

**Oorplasing van Personeel**

12. (1) Met ingang van die effektiewe datum en ooreenkomstig artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), sal alle werknemers van die afgeskafte munisipaliteite na die Plaaslike Munisipaliteit oorgeplaas word.

(2) Behoudens enige relevante kollektiewe ooreenkoms, moet alle regte en verpligtinge tussen die afgeskafte munisipaliteite en elkeen van hul onderskeie werknemers ten tyde van die oorplasing voortgaan om van krag te bly asof dit regte en verpligtinge tussen die Plaaslike Munisipaliteit en elkeen van sy werknemers is, en enigiets wat voor die oorplasing deur of met betrekking tot die betrokke afgeskafte munisipaliteit gedoen is, sal geag word deur of met betrekking tot die Plaaslike Munisipaliteit gedoen te gewees het.

(3) Die oorplasing onderbreek nie die kontinuïteit van 'n werknemer se indiensneming nie en dit gaan voort met die Plaaslike Munisipaliteit asof dit met die betrokke afgeskafte munisipaliteit is.

(4) Daar kan van enige werknemer vereis word om by enige van die kantore van die Plaaslike Munisipaliteit aan te meld en, tensy anders ooreengekom, sal so 'n werknemer nie op enige bykomende vergoeding geregtig wees nie.

**Kollektiewe ooreenkomste**

13. Enige kollektiewe ooreenkoms wat op a nasionale of provinsiale vlak van die Bedingingsraad aangegaan is namens die afgeskafte munisipaliteit, sal ten volle van krag bly totdat dit ooreenkomstig die bepalings van die betrokke ooreenkoms gewysig of beëindig word.

**Menslikehulpbronbeleid en -prosedures**

14. Behoudens enige kollektiewe ooreenkoms:—

(a) is die menslikehulpbronbeleid en -prosedures van die Plaaslike Munisipaliteit die menslikehulpbronbeleid en -prosedures wat voor die effektiewe datum bestaan het, en dit bly op alle werknemers van toepassing op dieselfde wyse as wat dit voor die effektiewe datum die geval was, behoudens enige wysiging of herroeping deur die Plaaslike Munisipaliteit;

(b) is die bepalings en voorwaardes van indiensneming van alle werknemers van die Plaaslike Munisipaliteit, die bepalings en voorwaardes van indiensneming wat voor die effektiewe datum op elke werknemer van toepassing was.

**Gevolge van Oorplasing ten opsigte van Sekere Personeelkwessies**

15. (1) Behoudens enige kollektiewe ooreenkoms, word 'n werknemer wie se pos as gevolg van die oorplasing verander word, nie geag oortollig te wees vir die doel van enige bepaling of voorwaarde van indiensneming of enige persioenfondsreël wat aan die werknemer die keuse bied om sy of haar indiensneming met voordele te beëindig nie.

(2) Die bepalings van hierdie artikel is slegs van toepassing indien die werknemer onredelikerwys weier om die Plaaslike Munisipaliteit se aanbod van alternatiewe indiensneming te aanvaar.

(3) Vir die doeleindes van hierdie artikel sluit 'n verandering van 'n pos een of meer van die volgende in:—

(a) die pos bestaan nie meer nie;

(b) die pos is afgeskaf;

(c) die werknemer moet om die pos aansoek doen;

(d) die funksies en bevoegdhede van die pos het verander;

(e) daar is 'n verandering in die werkgewer se identiteit;

(f) die pos word aan ander verslagkanale onderwerp;

(g) die pos word anders beskryf.

**Transfer of Staff**

12. (1) With effect from the effective date, and in accordance with section 197 of the Labour Relations Act, 1995 (Act No. 66 of 1995), all the employees of the disestablished municipalities shall be transferred to the Local Municipality.

(2) Subject to any relevant collective agreement, all the rights and obligations between the disestablished municipalities and each of their respective employees at the time of transfer shall continue in force as if they were rights and obligations between the Local Municipality and each of its employees, and anything done before the transfer by or in relation to the relevant disestablished municipality will be considered to have been done by or in relation to the Local Municipality.

(3) The transfer does not interrupt an employee's continuity of employment and it continues with the Local Municipality as if with the relevant disestablished municipality.

(4) Any employee may be required to report to any of the offices of the Local Municipality and, unless otherwise agreed, will not be entitled to any additional remuneration as a result thereof.

**Collective Agreements**

13. Any collective agreement entered into at a national or provincial level of the Bargaining Council on behalf of the disestablished municipalities shall remain of full force and effect until amended or terminated in accordance with the provisions of the relevant agreement.

**Human Resource Policies and Procedures**

14. Subject to any collective agreement,—

(a) the human resource policies and procedures of the Local Municipality shall be the human resource policies and procedures that existed prior to the effective date and continue to be applicable to all employees in the same manner as was the case prior to the effective date, subject to any amendment or repeal by the Local Municipality;

(b) the terms and conditions of employment of all employees of the Local Municipality shall be the terms and conditions of employment that applied to each employee prior to the effective date.

**Consequences of Transition in Respect of Certain Staff Issues**

15. (1) Subject to any collective agreement, an employee whose post is changed as a result of the transition will not be considered redundant for the purposes of any term or condition of employment or any pension fund rule that gives the employee the election to terminate his or her employment with benefits.

(2) The provisions of this section apply only if the employee unreasonably refuses to accept the Local Municipality's offer of alternative employment.

(3) For the purpose of this section, a change in post includes one or more of the following:—

(a) the post no longer exists;

(b) the post is disestablished;

(c) the employee is required to apply for the post;

(d) the functions and powers of the post are changed;

(e) there is a change in the identity of the employer;

(f) the post is made subject to different reporting lines;

(g) the post is described differently.

**Regsopvolging**

16. Met ingang van die effektiewe datum:—

(1) sal die Plaaslike Munisipaliteit die vervangende munisipaliteit ten opsigte van die afgeskafte munisipaliteite wees, soos daarvoor voorsiening gemaak word in artikel 14(1) van die Munisipale Strukturewet, en sal hul regsopvolger word;

(2) moet die bates, laste en administratiewe en ander rekords van die afgeskafte munisipaliteite na die Plaaslike Munisipaliteit oorgeplaas word;

(3) sonder om afbreuk te doen aan die algemene aard van subartikel (1):—

(a) sal die Plaaslike Munisipaliteit die regsopvolger van die afgeskafte munisipaliteite met betrekking tot die sake wat uiteengesit word in die Wet op Transformasie van Sekere Landelike Gebiede en die Wet op Landelike Gebiede wees en, in dié mate, totdat dit oorgedra is na 'n entiteit wat in artikel 3 van die Wet op Transformasie van Sekere Landelike Gebiede beoog word—

(i) sal grond wat deur die Minister vir Landbou en Grondsake ingevolge artikel 7 van die Wet op Landelike Gebiede in trust gehou word en wat onderworpe is aan die bepalings van artikel 3 van die Wet op Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, steeds berus by die Minister vir Landbou en Grondsake; en

(ii) sal grond wat ingevolge die Wet op Landelike Gebiede deur die afgeskafte munisipaliteite verkry is en wat onderworpe is aan die bepalings van artikel 3 van die Wet op Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, met ingang van die effektiewe datum by die Plaaslike Munisipaliteit berus;

(b) word grond in subartikel (3)(a) genoem, hangende oordrag ingevolge artikel 3 van die Wet op Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, deur die Plaaslike Munisipaliteit ingevolge die Wet op Landelike Gebiede en die regulasies ingevolge die Wet op Landelike Gebiede gemaak, bestuur.

**Voortsettings**

17. (1) Enige verordening wat onmiddellik voor die effektiewe datum in die gebied van 'n afgeskafte munisipaliteit van krag is, sal met ingang van die effektiewe datum en hangende die hersiening en rasionalisering daarvan ingevolge artikel 15 van die Munisipale Strukturewet ten volle van krag bly in die gebied waarvoor dit afgekondig is, behoudens enige wysiging of herroeping deur die Plaaslike Munisipaliteit.

(2) Tensy onbestaanbaar met die sinsverband of duidelik ontoepaslik, moet 'n verwysing in so 'n verordening na:—

(a) 'n afgeskafte munisipaliteit uitgelê word as sou dit 'n verwysing na die Plaaslike Munisipaliteit wees; en

(b) 'n struktuur of funksionaris van 'n afgeskafte munisipaliteit uitgelê word as sou dit 'n verwysing na die ooreenstemmende struktuur of funksionaris van die Plaaslike Munisipaliteit wees.

(3) Behoudens die afskaffing van die afgeskafte plaaslike munisipaliteite, sal enige—

(a) besluit geneem;

(b) kennisgewing, sertifikaat of ander dokument uitgereik;

(c) opdrag, goedkeuring, verlof of magtiging gegee of verleen;

(d) vrystelling, lisensie of permit verleen of uitgereik;

(e) aanstelling gedoen;

**Legal Succession**

16. With effect from the effective date:—

(1) the Local Municipality shall be the superceding municipality in respect of the disestablished municipalities as provided for in section 14(1) of the Municipal Structures Act and shall become their successor in law;

(2) the assets, liabilities and administrative and other records of the disestablished municipalities shall be transferred to the Local Municipality;

(3) without derogating from the generality of subsection (1)—

(a) the Local Municipality shall be the successor in law of the disestablished municipalities with reference to the matters set out in the Transformation of Certain Rural Areas Act and the Rural Areas Act and, to that extent, until transferred to an entity envisaged in section 3 of the Transformation of Certain Rural Areas Act—

(i) land which is held in trust by the Minister for Agriculture and Land Affairs in terms of section 7 of the Rural Areas Act and which is subject to the provisions of section 3 of the Transformation of Certain Rural Areas Act will remain vested in the Minister for Agriculture and Land Affairs; and

(ii) land that has been acquired by the disestablished municipalities in terms of the Rural Areas Act and which is subject to the provisions of section 3 of the Transformation of Certain Rural Areas Act will vest in the Local Municipality with effect from the effective date;

(b) land referred to in subsection (3)(a) shall, pending transfer in terms of section 3 of the Transformation of Certain Rural Areas Act, be managed by the Local Municipality in terms of the Rural Areas Act and the regulations made in terms of the Rural Areas Act.

**Savings**

17. (1) Any by-law in force in the area of a disestablished municipality immediately prior to the effective date shall, with effect from the effective date, and pending the review and rationalisation thereof in terms of section 15 of the Municipal Structures Act, remain of full force and effect within the area for which it was promulgated, subject to any amendment or repeal by the Local Municipality;

(2) Unless inconsistent with the context or clearly inappropriate, a reference in any such by-law to—

(a) a disestablished municipality, must be construed as a reference to the Local Municipality; and

(b) a structure or functionary of a disestablished municipality, must be construed as a reference to the corresponding structure or functionary of the Local Municipality.

(3) Notwithstanding the disestablishment of the disestablished local municipalities, any—

(a) resolution taken;

(b) notice, certificate or other document issued;

(c) direction, approval, consent or authority given;

(d) exemption, license, or permit granted or issued;

(e) appointment made;

(f) werknemer benoem;

(g) ooreenkoms of kontrak aangegaan;

(h) delegasie van bevoegdhede aan 'n werknemer verleen;

(i) belastings, tariewe of heffings gehef of opgelê;

(j) opsysit van grond gedoen;

(k) ander handeling verrig of ding gedoen,

deur 'n afgeskafte munisipaliteit, behoudens die bepalings van hierdie Bylaag geag word deur die Plaaslike Munisipaliteit geneem, uitgereik, gegee, gedoen, benoem, aangegaan, verleen, gehef, opgelê of verrig te gewees het hangende die hersiening en rasionalisering daarvan ingevolge artikel 15 van die Munisipale Strukturewet.

(4) Behoudens artikels 20, 21, 22 en 23 van hierdie Bylaag sal enige persoon wat op die effektiewe datum 'n bevoegdheid uitoefen of 'n plig of funksie verrig uit hoofde van die amp wat hy of sy beklee of uit hoofde van 'n delegasie van bevoegdheid waarmee die afgeskafte munisipaliteit hom of haar beklee het, voortgaan om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig of funksie te verrig totdat die Plaaslike Munisipaliteit die teendeel besluit.

(5) Vir die toepassing van die Bylaag van die Regulasie aangaande die verklaring van Vredesbeamptes wat ingevolge artikel 334 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) gemaak is, sal enige wetstoepassingsbeampte wat deur 'n afgeskafte munisipaliteit aangestel is, na die effektiewe datum geag word deur die Plaaslike Munisipaliteit aangestel te gewees het vir die regsgebied van die Plaaslike Munisipaliteit.

(6) Enige statutêre plan wat in die regsgebied van die afgeskafte munisipaliteite van krag of in werking is, sal van krag of in werking bly ten opsigte van die gebied waarop dit bedoel was om van toepassing te wees, totdat dit deur die Plaaslike Munisipaliteit gewysig, verander of herroep word.

**Finansiële aangeleenthede**

18. (1) Met ingang van die effektiewe datum sal die bestaande begrotings van die afgeskafte munisipaliteite tot 30 Junie 2001 die begroting van die Plaaslike Munisipaliteit uitmaak.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) mag die Plaaslike Munisipaliteit—

(a) die bestaande begrotings aanpas; of

(b) besluit om sy rekeninge te sluit en opnuut vir die res van die begrotingsjaar te begroot;

mits enige so 'n begroting ooreenkomstig tersaaklike wetgewing aangepas of opgestel en goedgekeur word, na gelang van die geval.

(3) Voor die aanvang van die 2001/2002-boekjaar moet die Plaaslike Munisipaliteit finansiële bestuursplanne en -beleide opstel en goedkeur betreffende—

(a) mediumtermynuitgawe;

(b) gelykmaking van tariefstrukture;

(c) die opstel van 'n nuwe algemene waardasierol vir die Plaaslike Munisipaliteit se regsgebied en die ingebruikneming van billike eiendomsbelastings;

(d) die ingebruikneming van gekonsolideerde rekeningleweringskemas;

(e) die konsolidasie van finansiële rekeningkundige stelsels en begrotingstelsels;

(f) kredietbeheer; en

(f) employee nominated;

(g) agreement or contract entered into;

(h) delegation of powers granted to an employee;

(i) rates, tariffs or charges levied or imposed;

(j) reservation of land made;

(k) other action taken or thing done,

by a disestablished municipality shall, subject to the provisions of this Schedule, be deemed to have been taken, issued, given, made, nominated, entered into, granted, levied, imposed or done by the Local Municipality, pending the review and rationalisation thereof in terms of section 15 of the Municipal Structures Act.

(4) Subject to section 20 of this Schedule, any person who on the effective date exercises a power or performs a duty or function by virtue of the office held by him or her or by virtue of a delegation of power conferred upon him or her by a disestablished municipality, shall continue to exercise that power or perform that duty or function until such time as it may be decided to the contrary by the Local Municipality.

(5) For the purposes of the schedule to the Regulation Relating to the Declaration of Peace Officers made in terms of section 334 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), any law enforcement officer appointed by a disestablished municipality shall, from the effective date, be deemed to have been appointed by the Local Municipality for the area of jurisdiction of the Local Municipality.

(6) Any statutory plan in force or in operation in the area of jurisdiction of the disestablished municipalities, shall remain in force or in operation in respect of the area to which it was intended to apply until amended, varied or repealed by the Local Municipality.

**Financial matters**

18. (1) With effect from the effective date the existing budgets of the disestablished municipalities shall constitute the budget of the Local Municipality up to 30 June 2001.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), the Local Municipality may:

(a) adjust the existing budgets; or

(b) resolve to close its accounts and rebudget for the remainder of the budget year;

provided that any such budget is adjusted or prepared and adopted, as the case may be, in accordance with relevant legislation.

(3) Before the commencement of the 2001/2002 financial year the Local Municipality must prepare and adopt financial management plans and policies that deal with:

(a) medium term expenditure;

(b) equalisation of tariff structures;

(c) the preparation of a new general valuation roll for the Local Municipality's area of jurisdiction and the introduction of equitable property taxes;

(d) the introduction of consolidated billing systems;

(e) the consolidation of financial accounting systems and budgetary systems;

(f) credit control; and

(g) verkryging.

(4) Tensy anders ooreengekom—

(a) moet intermunisipale-begrotingsoorplasings vir die 2000/2001-boekjaar voortgaan;

(b) moet intermunisipale-begrotingsoorplasings vir die 2001/2002 boekjaar identies wees aan munisipale inkomste-oorplasings wat gedurende die 2000/2001 boekjaar gedoen is;

(c) moet intermunisipale-begrotingsoorplasings vanaf 1 Julie 2002 oor 'n tweejaartydperk uitgefaseer word.

(5) Voor 1 Julie 2001 moet die Plaaslike Munisipaliteit 'n intermunisipale hulpbrondelings-raamwerk goedkeur sodat intermunisipale-begrotingsoorplasings ingevolge subartikel (4) gedoen kan word deur middel van—

(a) voorwaardelike funksionele toekennings; of

(b) algemene diskresionêre bedryfstoelaes,

(c) kapitaallenings, oorplasings en toelaes;

onderworpe aan groeibeperkings wat deur die Departement van Finansies of deur die betrokke munisipaliteite bepaal word.

**Tussentydse diensleweringsreëlings**

19. (1) Voor of op 30 September 2000 moet die HUB's enige dienste waarvoor tussentydse diensleweringsreëlings nodig is, by die Distrikstransformasieforum aanbeveel.

(2) Die Distrikstransformasieforum moet poog om konsensus te bereik oor die bepalings en voorwaardes van enige tussentydse diensleweringsreëlings wat met ingang van die effektiewe datum in plek gestel word.

(3) Die Provinsiale Minister kan die Plaaslike Munisipaliteit gelas om enige tussentydse diensleweringsreëlings te implementeer en te administreer ten einde die praktiese, wetlike en ander gevolge van die afskaffing van die afgeskafte munisipaliteite en die instelling van die Plaaslike Munisipaliteit te bestuur, en dié tussentydse diensleweringsreëlings sal op die effektiewe datum in werking tree en ten volle in werking bly totdat die Plaaslike Munisipaliteit dit wysig of beëindig.

**Pligte van die Hoof Uitvoerende Beampte**

20. Vanaf die effektiewe datum, sal die pligte van die HUB, behoudens voorskrifte of besluite tot die teendeel wat deur die Plaaslike Munisipaliteit aangeneem word, soos volg wees:—

(1) om die eerste vergadering van die Raad van die Plaaslike Munisipaliteit ingevolge artikel 29(2) van die Munisipalite Strukturewet byeen te roep;

(2) om op die eerste vergadering van die Raad van die Plaaslike Munisipaliteit voor te sit totdat die Burgemeester verkies word;

(3) om al die Raad van die Plaaslike Munisipaliteit se bevoegdhede en funksies uit te voer en te verrig vanaf die effektiewe datum totdat die Raad van die Plaaslike Munisipaliteit anders bepaal; met dien verstande dat hy of sy nie enige van die funksies in artikel 160(2) van die Grondwet genoem, mag verrig nie;

(4) om in die tydperk voor die effektiewe datum al die pligte te verrig wat nodig is om die gladde werking van die Plaaslike Munisipaliteit te verseker;

(5) om as die hoof van administrasie en hoof rekenpligtige beampte van die Plaaslike Munisipaliteit op te tree;

(6) om verantwoordelikheid te aanvaar van die bewerkstelliging van die oorplasing van alle personeel, bates, laste en administratiewe en ander rekords na die Plaaslike Munisipaliteit;

(g) procurement.

(4) Unless otherwise agreed,—

(a) inter-municipal budgetary transfers shall continue for the 2000/2001 financial year;

(b) inter-municipal budgetary transfers for the 2001/2002 financial year shall be identical to municipal revenue transfers made during the 2000/2001 financial year;

(c) as from 1 July 2002 inter-municipal budgetary transfers must be phased out over a two year period.

(5) Before 1 July 2001 the Local Municipality must adopt an inter-municipal resource sharing framework to allow for inter-municipal budgetary transfers to be made in terms of subsection (4) by way of—

(a) conditional functional allocations; or

(b) general discretionary operating grants;

(c) capital loans, transfers and grants;

subject to growth limitations determined by the Department of Finance or by the relevant municipalities.

**Interim service delivery arrangements**

19. (1) On or before 30 September 2000 the CEO must recommend to the District Transformation Forum any services that may require interim service delivery arrangements.

(2) The District Transformation Forum must endeavour to reach consensus with regard to the terms and conditions of any interim service delivery arrangements to be put in place with effect from the effective date.

(3) The Provincial Minister may direct the Local Municipality to implement and administer any interim service delivery arrangements to manage the practical, legal and other consequences of the disestablishment of the disestablished municipalities and the establishment of the Local Municipality, which interim service delivery arrangement will come into effect on the effective date and will remain of full force and effect until amended or terminated by the Local Municipality.

**Duties of the Chief Executive Officer**

20. From the effective date the duties of the CEO shall, subject to directions or resolutions to the contrary adopted by the Local Municipality, be the following—

(1) call the first meeting of the Council of the Local Municipality in terms of section 29(2) of the Municipal Structures Act;

(2) preside over the first meeting of the Council of the Local Municipality until the election of the Mayor;

(3) exercise all the powers and fulfil all the functions of the Council of the Local Municipality from the effective date until the Council of the Local Municipality determine otherwise; provided that he or she may not exercise any of the functions referred to in section 160(2) of the Constitution;

(4) in the period prior to the effective date fulfil all such duties necessary to ensure the smooth functioning of the Local Municipality;

(5) act as the head of administration and chief accounting officer of the Local Municipality;

(6) assume responsibility for affecting transfer of all staff, assets, liabilities and administrative and other records to the Local Municipality;

(7) om alle redelike stappe te doen om te verseker dat diensleweringskontinuïteit na die effektiewe datum gehandhaaf word;

(8) om tussentydse finansiële beheermeganismes vir die Plaaslike Munisipaliteit in te stel;

(9) om tussentydse verslagkanale vir die Plaaslike Munisipaliteit in te stel;

(10) om dienskontrakte, agentskapsreëlings en diensleweringsooreenkomste te hersien en aan te beveel;

(11) om na die effektiewe datum alle pligte te verig wat deur die hoof uitvoerende beampte van 'n munisipaliteit ingevolge relevante wetgewing uitgevoer moet word;

(12) om enige tussentydse diensleweringsreëlings tussen die Plaaslike Munisipaliteit en die Distriksmunisipaliteit asook tussen die Plaaslike Munisipaliteit en ander plaaslike munisipaliteite binne die gebied van die Distriksmunisipaliteit in werking te stel.

**Eerste Vergadering van die Raad van die Plaaslike Munisipaliteit**

21. (1) Die tussentydse munisipale bestuurder moet minstens drie dae voor die eerste vergadering van die Raad van die Plaaslike Munisipaliteit, 'n kennisgewing aan elke raadslid by sy of haar woonplek of 'n ander plek wat deur die betrokke raadslid bepaal is, stuur waarin die plek, datum en tyd van die eerste vergadering gespesifiseer word en wat die agenda bevat.

(2) Behoudens enige verordening wat van krag is, is die ordereëls vir die eerste vergadering van die Raad van die Plaaslike Munisipaliteit die ordereëls soos uiteengesit in Provinsiale Kennisgewing No.411/1988, soos afgekondig in Provinsiale Koerant No. 4532 van 20 Mei 1988, welke reëls van krag sal bly totdat ordereëls aangeneem word deur die Raad van die Plaaslike Munisipaliteit.

(3) Die vergaderplek vir die eerste vergadering van die Raad van die Plaaslike Munisipaliteit sal die Raadsaal van die afgeskafte Munisipaliteit vir die Gebied van Laingsburg, in Laingsburg wees.

(4) Die agenda van die eerste vergadering en die volgorde van werksaamhede, sal soos volg wees:

(a) die verkiesing van die Burgemeester, wie ook as die Speaker sal optree, vanuit die geledere van die verkose raadslede;

(b) die verkiesing van die Onderburgemeester, waarvoor goedkeuring deur die Provinsiale Minister verleen word, vanuit die geledere van die verkose raadslede;

(c) enige ander sake deur die tussentydse munisipale bestuurder bepaal en in die agenda uiteengesit.

**Kort titel en Inwerkingtreding**

22. Hierdie Kennisgewing heet die Laingsburg Plaaslike Munisipaliteit Instellingskennisgewing en tree in werking op die datum van publikasie.

**AANHANGSEL 1**

**Kaart** (Kaart nommer 28 in Provinsiale Kennisgewing 69/2000 gedateer 3 Maart 2000)

(7) take all reasonable steps to ensure that service delivery continuity is maintained after the effective date;

(8) establish interim financial control mechanisms for the Local Municipality;

(9) establish interim reporting lines for the Local Municipality;

(10) review and recommend service contracts, agency arrangements and service delivery agreements;

(11) after the effective date, fulfil all duties required to be fulfilled by the chief executive officer of a municipality in terms of relevant legislation.

(12) implement any interim service delivery arrangements between the Local Municipalities and the District Municipality as well as between the Local Municipality and other local municipalities within the area of the District Municipality.

**First meeting of the Council of the Local Municipality**

21. (1) The CEO shall, at least three days before the first meeting of the Council of the Local Municipality, send to each councillor at his or her place of residence or other place nominated by the councillor concerned, a notice specifying the place, date and time of the first meeting and an agenda.

(2) Notwithstanding any by-law in force, the rules of order for the first meeting of the Council of the Local Municipality is the rules of order as set out in Provincial Notice No 411/1988 as promulgated in Provincial Gazette No 4532 of 20 May 1988; which rules shall remain in force until the adoption of rules of order by the Council of the Local Municipality.

